Johannes 20:19-31 dieBybel@Kinders

19-23 Jesus se vriende was laat daardie Sondagaand nog bymekaar. Hulle het al die deure gesluit, want hulle was bang vir die Joodse leiers. Al was die deure gesluit, het Jesus skielik daar by hulle gestaan en gesê: “Vrede vir julle.” Hy wys toe vir hulle die merke aan sy hande en sy sy. Sy vriende was baie bly om die Here te sien.
Jesus sê toe: “”Vrede vir julle. Soos my Vader My na die wêreld gestuur het, stuur Ek julle nou.” Hy blaas toe oor sy vriende en sê: “Ontvang die Heilige Gees. As julle mense help om God se kinders te word, sal hulle sy kinders word. God sal nie kwaad bly oor hulle sonde nie. Maar as hulle nie na julle wil luister nie, sal God ook nie hulle sonde vergewe nie.
24-29 Tomas was nie by toe Jesus aan sy vriende verskyn het nie. Hy was een van Jesus se beste vriende. Die ander vertel hom toe dat hulle die Here lewendig gesien het.
“Ek glo dit nie,” het Tomas gesê. “As ek nie die spykermerke aan sy hande kan voel en my hand op die wond in sy sy kan sit nie, sal ek dit nie glo nie. “
Omtrent ‘n week later was Jesus se vriende weer saam. Tomas was ook daar. Al die deure was weer gesluit. Jesus was skielik weer by hulle en toe groet Hy hulle: “Vrede vir julle.”
Hy sê toe vir Tomas: “Bring jou vinger hier. Kyk na my hande. Kom, sit jou hand hier op die wond in my sy. Moenie twyfel dat dit regtig Ek is nie. Glo dit.”
“My Here en my God!” is al wat Tomas kon sê.
“Jy glo omdat jy My gesien het. Gelukkig is die mense wat glo, al het hulle My nie gesien soos jy nie,”

Ons moet glo

30-31 Jesus het nog baie ander wonderlike dinge gedoen om te wys wie Hy regtig is. Nie alles is hier neergeskryf nie. Sy vriende het dit alles gesien. Wat hier neergeskryf is, is geskryf sodat julle nie hoef te twyfel dat Jesus die Redder, die Seun van God, is nie. Jy kan dit met jou hele hart glo. As julle dit glo, sal julle vir ewig saam met God lewe, Jesus het dit vir julle moontlik gemaak.

ERVAAR DIT:

Benodig:
kleefband
1 A4 vel papier

Metode:
Rol die papier in ‘n lang buis op met ‘n diameter van ongeveer 1,25cm. Plak die buis vas met kleefband sodat dit nie weer oop rol nie.
Hou die buis in jou regterhand vas en kyk met jou regteroog daardeur, terwyl jy beide oë oophou. Jy behoort die binnekant van die buis sowel as als buite om die buis te kan sien.

Plaas nou jou linkerhand (palm na jou toe gedraai) teen die middel en linkerkant van die buis. Dit sal lyk of jou linkerhand ‘n gat in het. Ruil gerus jou hande en oë om en probeer dit ook andersom!





Toepassing:
Het jy al seergekry, en het daardie seer al ‘n litteken gelos? *Wys vir mekaar ‘n litteken en vertel die storie oor hoe jy die merk gekry het.*

Gelukkig het ons nie regtig gate in ons hande soos dit nou-nou gelyk het nie! Jesus verskyn aan sy dissipels en aan Tomas. Gewoonlik herken ons iemand aan hulle gesigte. Tomas weet egter dat Jesus werklik aan die kruis gesterf het, en kan nie glo dat Jesus weer lewendig is nie. Jesus moet sy wonde aan Tomas wys voor Tomas glo dat dit regtig Jesus is. Jesus se hande en voete vertel die storie van sy kruisdood en opstanding, net soos ons littekens ons stories vertel!

Het julle geweet ons hande en voete vertel ook die storie van Jesus. Ons gebruik ons hande om ander te help en ons voete neem ons na plekke waar ons kan help. Wanneer ons swaarkry of seer het (of mense sien wat swaarkry of seer het) kan ons altyd onthou dat Jesus sy hande en voete gebruik het om die wêreld te wys hoe lief Hy ons het.

Ons kan dalk nie nou uitgaan om Jesus se liefde met ons hande en voete aan ander mense daar buite te gaan uitleef nie, maar niks keer ons om dit by die huis te doen met Pappa, Mamma, sussie en boetie nie.

Gebed:
Jesus, baie dankie vir U liefde en U littekens. Help ons om altyd te glo, selfs al het ons nie U wonde gesien nie. Help ons ook om ons hande en voete te gebruik om U liefde aan die mense om ons uit te leef. Amen.

Kleur die prentjie hieronder op jou mooiste in



Kan jy die woorde vind?

K 1	I 2	A 3	F 4	C 5	M 6	D 7	W 8	B 9	G 10	Z 11	X 12	N 13
U 14	S 15	L 16	T 17	Q 18	Y 19	O 20	H 21	J 22	R 23	P 24	E 25	V 26

1. 17-8-19-4-25-16 _____
2. 7-2-15-15-2-24-25-16-15 _____
3. 10-25-15-16-14-2-17 _____
4. 15-19 _____
5. 3-3-13-10-25-23-3-3-1 _____
6. 21-3-13-7-25 _____
7. 7-25-14-23-25 _____
8. 17-20-6-3-15 _____
9. 26-20-25-17-25 _____
10. 10-16-20 _____
11. 22-25-15-14-15 _____